IN THE NORTH GAUTENG HIGH COURT, PRETORIA
(REPUBLIC OF SOUTH AFRICA)

SAAK NOMMER: A704/12

DELETE WHICHEVER IS NOT APPLICABLE

(1) REPORTABLE: ~~YES~~/NO
(2) OF INTEREST TO OTHERS JUDGES: ~~YES~~/NO
(3) REVISED

11/6/2013 ..........................................

DATE SIGNATURE

12/6/2013

**STEPHAN ERNST** 1ste Appéllant

**ANNA ERNST N.O.** 2de Appéllant

**STEPHAN ERNST N.O.** 3de Appéllant

en

**DANIEL STEPHANUS GOOSEN** Respondent

Coram: Makgoba J, Ebersohn AJ

Datum aangehoor: 24 Mei 2013

Datum uitspraak afgegee: 12 Junie 2013

**UITSPRAAK**

**EBERSOHN WR.**

[1]. Hierdie is 'n appel teen die uitspraak en bevel van die landdros van die distrik van Bronkhorstspruit op die 25ste April 2012, in welke uitspraak vonnis ten gunste van die respondent (eiser in die hof *a quo)* verleen is teen die appellante (verweerders in die hof *a quo)* in 'n lasteraksie.

[2] Die partye sal in hierdie uitspraak na verwys word soos in die hof *a quo*.

[3]. Die eiser is Daniel Stephanus Goosen, 'n prokureur, wat praktiseer in die Bronkhorstspruit area.

[4] Die eerste verweerder is Stephan Ernst in sy persoonlike hoedanigheid, die tweede en derde verweerders is onderskeidelik Anna Ernst N.O. en Stephan Ernst N.O., laasgenoemde twee in hul hoedanighede van trustees van die Ernst Family Holdings Trust. (die Trust).

[5] Die eiser het die eerste verweerder en die Trust, soos verteenwoordig deur die tweede en derde verweerders, gedagvaar in die landroshof vir die distrik van Bronkhorstspruit, in 'n dagvaarding waarin twee lastereise vervat is.

[6] In eis 1 het die eiser beweer dat die eerste verweerder 'n skrywe gerig het op 'n briefhoof van die Trust aan die eiser se prokureurskantoor waarin sekere lasterlike bewerings aangaande die eiser gemaak word. Die hof *a quo* het op hierdie eis vonnis teen die Trust gegee en nie teen die eerste verweerder nie. Die gewraakte brief is deur die eerste verweerder geteken met sy naam onder sy handtekening ingetik. In die gemelde brief bekla die eerste verweerder hom dat die eiser, wat 'n jarelange vriend van hom was en vir wie die eerste verweerder en sy moeder voorheen selfs gewerk het, hom in die steek gelaat het en sit hy in die brief uiteen hoe die eiser hom beweerdelik in die steek gelaat het en kritiseer hy beweerde optrede van die eiser en doen hy 'n beroep op die eiser om al sy vyandige aksies teen die eerste verweerder te staak en se die eerste verweerder in die gemelde brief : "Alle baklei tusen ons STOP HIER". Dit is duidelik dat die eerste verweerder gegrief was maar het op die oog af rede gehad om gegrief te wees.

[7] Die hof *a quo* het egter bevind dat die inhoud van die brief inderdaad lasterlik was en dat daar publikasie daarvan was maar het dit die Trust ten laste gele en bevind dat die Trust aanspreeklik was en het vonnis vir R30 000 met 'n bestraffende kostebevel teen die tweede en derde verweerders as trustees van die Trust verleen.

[8] Die eiser het die bewyslas ten aansien van publikasie van die inhoud van die gewraakte brief, aanhangsel "A" tot die besonderhede van vordering en dat dit lasterlik was, gehad. Die eiser het net, ten aansien van aanhangsel "A", publikasie aan himself en moontlik sy eggenote, bewys. Dit is nie voldoende publikasie om 'n beweerde eis vir laster te laat slaag nie. Die seun van die eiser, wat moontlik aanhangsel "A" kon gelees het, het nie getuig nie en die bewering dat hy dit moontlik kon gelees het, was hoogstens spekulasie. Die inhoud van die gemelde brief, aanhangsel "A" is ook nie lasterlik nie. Dit is duidelik dat die eerste verweerder in aanhangsel "A" sy teleurstelling met die eiser se gedrag, uitspreek, maar dit maak dit nog nie lasterlik nie.

[9] Dit is duidelik dat die hof *a quo* gefouteer het en die appel ten aansien van eis 1 moet slaag.

[10] In eis 2 soos uiteengesit in paragraaf 3 van die besonderhede van vordering word beweer dat die "verweerders" op 7 Oktober 2008 'n eedsverklaring afgelê het ter fundering van 'n aansoek vir tersydestelling van 'n verstekvonnis wat die landdroshof op 28 Julie 2008 in hierdie saak toegestaan het. Eis 2 is spesifiek gebaseer op paragrawe 20 en 21 van die eedsverklaring welke paragrawe soos volg lees:

> "20.
>
> Op 7 Mei 2008 het ek die Respondent by die Hooggeregshof gewaar toe hy die inhoud van lêer 31898/2008 verwyder het.

21.

Dit is my respekvolle submissie dat hierdie tipe gedrag van die Respondent onaanvaarbaar is en uit hoofde van sy amp as prokureur is dit tog in die openbare belang."

[11] Die landdros het bevind dat in die aangehaalde twee paragrawe die eiser van oneerlikheid beskuldig word en dat dit laster daarstel en hy het vonnis toegestaan teen eerste verweerder vir R49 000,00 en 'n bestraffende kostebevel gemaak.

[12] Dit is duidelik dat die inhoud van paragrawe 20 en 21 van die funderende verklaring ter ondersteuning van die tersydestellingsaansoek nie lasterlik is nie en as dit lasterlik sou wees, is publikasie daarvan nie bewys nie. Die bewering dat die tersydestellingsaansoek in die ope hof aangehoor was en dat publikasie van die inhoud van die funderende eedsverklaring so geskied het, is spekulatief. Daar is geen getuienis aangebied oor wat in die hof gesê was nie en daar is geen getuienis aangebied oor wie in die hof was nie.

[13] Aangaande bewysstuk "A", synde die brief wat prominent gefigureer het in eis 1 en ten aansien waarvan die hof *a quo* die eerste verweerder vrygespreek het, en dit dus as afgehandel beskou moet word, het die hof a quo dit in eis 2, hoewel nie pertinent nie, tog teen die eerste verweerder gehou.

[15] Dit is duidelik dat die eiser ook nie daarin geslaag het om eis 2 te bewys nie en moet die appel daarteen ook slaag.

[16] Dit volg noodwendig dat koste van die appél toegestaan moet word.

[17] Die hof het die aspek van die massiewe appéloorkonde van 27 volumes opgeneem met die advokate wat in hierdie hof voor ons verskyn het. Adv. Stemmet, wat vir die eiser in die verhoor in die landdroshof verskyn het, het bevestig dat die eiser juis die stukke op rekord geplaas het om die laster en die kwantum te bewys. Die massiewe oorkonde moet derhalwe die eiser ten laste gelê word en nie die verweerders nie.

[18] Die volgende bevel word verleen:

1. Die appèl van die tweede en derde appéllante teen die respondent se eerste eis in die landdroshof en die appél van die eerste appellant teen die respondent se tweede eis in die landdroshof slaag met koste welke koste die gehele 27 bundels van die oorkonde insluit en takseerbaar is in die appél.

2. Die bevel van die hof *a quo* word in die geheel deurgehaal en vervang met die volgende bevel:

"1. Die eiser se eerste eis teen die verweerders word afgewys.

2. Die eiser se tweede eis teen die verweerders word afgewys.

3. Die eiser moet die drie verweerders se koste ten aansien van eise 1 en 2 betaal op die toepaslike landroshofskaal insluitende die fooie van een advokaat binne die riglyne van die Pretoriase Balieraad welke ook takseerbaar sal wees en die volle saakrekord van 27 bundels word as takseerbaar deur die klerk van die Hof verklaar."

P. Z. EBERSOHN

WAARNEMENDE REGTER VAN DIE

NOORD GAUTENG HOOGGEREGSHOF

Ek stem saam.

E.M. MAKGOBA

REGTER VAN DIE NOORD GAUTENG

HOOGGEREGSHOF